21 Februarie

Skrifgedeelte: Rigters 20

# Om die kwaad te beveg, beteken nog nie dat jy God dien nie

Die stamme van Israel word na hierdie gruweldaad van die rowersbende in Gibea byeengeroep. Die kwaad moet uitgeroei word. Die stam Benjamin weier egter. Hulle beskerm die kwaad! Dan val die ander stamme vir Benjamin aan, maar lei twee verpletterende neerlae.

Waarom? Die fout lê in hulleself. Die kwaad is in hulle midde. Benjamin is deel van Israel. Wanneer die volk ware berou betoon en hulle opreg voor God verootmoedig en offers bring, kom die wending. Op die derde dag is hulle gereed vir die oorwinning. Eeue later sou Jesus Christus op die derde dag uit die graf opstaan. Hy behaal finaal die oorwinning oor die sonde en die dood. In Hom is daar ware lewe.

Ons kan slegs die kwaad beveg as ons begryp dat die kwaad in onsself ook is. Ons mag nie net vinger wys nie. As ons in diepe afhanklikheid ons sondes voor die Here bely, sal Hy ons in en deur Jesus Christus die nuwe lewe skenk. Toe Paulus ook so geworstel het met die goeie wat hy wil, maar dit nie doen nie terwyl hy altyd weer die slegte, wat hy nie wil nie, wel doen, roep Hy uit: “Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?” Dan antwoord hyself: “Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.”

Die enigste manier om die kwaad in jou eie lewe en in die samelewing te oorwin, is met die krag van Jesus Christus. As jy in Hom bly, is jy saam met Hom ’n oorwinnaar.

Sing: Skrifberyming 31:1

Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)